jy draai nie voortydig uit nie
met onmidddelike bevrediging
versoeke
bekommernis
stoot nie elke swaai nie
lewe dieper na die hart van God

As jy dan bewus word van die ander een
en daardie een is ook in die ewige stroom lewende water van
die Here, van voor geboorte, tot na die dood, 'n geliefde,
in 'n momentum van gemeenskap met die Here
hy sy hulle hoor ook die stem van die Here soos ek ons julle
waar elkeen hoor die stem van die Here
wat elkeen nader roep in tyd en plek na God

en hulle 2, jy en die ander 1,
trek nader, en vorm 'n HOME
'n plek, in tyd, 'n gemeenskap,
ek het die stem gehoor uit die hemel: geliefde seun
ek het gehoor
jy het die stem gehoor :geliefde dogter
en ons kan mekaar liefhê
baie close, naby aan mekaar
en tog ook ruimte
spasie
tyd en plek laat
waar nuwe lewe gebore kan word
en
waar gaste kan inkom
vriende verwelkom
en saam kan eet, drink, en vrolik wees.
Ek, ons, julle, glo aan 1 heilige, Katolieke (Algemene),
Christelike gemeenskap.
amen.

(erkening H Nouwen)

ANALOGIE VAN DIE PYP

Dink aan jouself, aan jou lewe, as 'n pyp
waarin jy reis, elke dag in die Hande van die Here,
vanaf die ewige liefde van God voor jou geboorte (Ef 1 : 3)
na die ander kant, na die ewige liefde van God na jou dood

elke keer as jy nie uitspring nie
maar die deure toehou
deure soos onmiddelike bevrediging
skuld
bekommernis
te besig wees
die versoeking om elke swaai te stoot

reis jy dieper en dieper in die hart van God
dieper en dieper, as jy minder en minder deure oopmaak

sien jou lewe as 'n pyp
dat jy aan die gang gesit is
"geprime" deur die Heilige Gees
begelei deur die Heilige Gees
en jy gaan deur tyd en plek, MET MENSE

MENSE is noodsaaklik
ons glo aan 1, heilige, Katolieke (beteken Algemene) kerk
jou lewe, deur tyd en plek en met mense,

in die reis is dit:
noodsaaklik
essensieel
om saam na God se stem te luister

Om dit reg te kry is daar is daar 1 voorwaarde:
as jy regtig glo jy is geliefd
geliefde dogter van Jesus, seun van die Here,
jy, ek, ons, julle, God kyk net op 1 manier na jou, met liefde,
dan begin die gemeenskap.

Meeste gemeenskappe
huwelik
vriende
werk só:

ek is eensaam
ek skree vir aandag
ek is in die mark vir liefde

en daar anderkant
is óók iemand
alleen

en dan word julle verbind - uit eensaamheid

maar na 'n tyd sê jy
ek is steeds eensaam
jy verstaan my nie
jy is nie die een wat ek wou hê jy moet wees nie
miskien kan ons 'n bietjie ruimte maak.

Baie van ons verhoudige
gebore uit oneindige nood
as 'n antwoord op innerlike
ANGUISH
word later
POSSESIVE
uitputtend

veeleisend
en ons liefde word
VIOLENT
agressief
en soen en verskeur mekaar

ons luister mooi OORSENSITIEF

ons kyk mooi SUSPISIEUS

en wat 'n uitdrukking van liefde moes wees
word 'n verhouding van geweld en hartseer
possesiveness
besitlikheid

MAAR

as jy regtig hóór
die stem uit die hemel
wat na jou roep
en verseker
jy is My Geliefde
dogter
seun

dan is jy alleen
maar nie eensaam nie
jy is besig met jou lewe
deur tyd en plek en met mense